Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2022

# GESKIEDENIS V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae wat op die voorgeskrewe KABV-inhoudsraamwerk gebaseer is: DRIE brongebaseerde vrae onder AFDELING A en DRIE opstelvrae onder AFDELING B.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

   VRAAG 2: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

   VRAAG 3: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19$^{de}$ EN 20$^{ste}$ EEUE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

   VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

   VRAAG 6: IDEES VAN RAS IN DIE 19$^{de}$ EN 20$^{ste}$ EEU

2. Bronmateriaal wat nodig is om brongebaseerde vrae te beantwoord, sal in die gepaardgaande ADDENDUM van bronne gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae. Elke vraag tel 50 punte.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet ŉ brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet ŉ opstelvraag wees.

   4.2 Die derde vraag kan óf ŉ brongebaseerde vraag of ŉ opstelvraag wees.

5. Kandidate word aangeraai om te minste EEN uur op elke vraag te spandeer.

6. Wanneer kandidate vrae beantwoord, moet hulle die toepassing van kennis, vaardighede en insig demonstreer.

7. Bloot herskryf van die bronne as antwoorde sal tot nadeel van kandidate wees.

8. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer word, deur dieselfde nommeringstelsel as in die vraestel te gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling, maar nie meer as TWEE vrae nie. Bronmateriaal wat nodig is om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: HOE HET STALIN SE VYFJAARPLANNE RUSLAND TOT 'N GEÏNDUSTRIALISEERDE STAAT TEEN 1939 OMSKEP?

Bestudeer Bron 1A,1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Bestudeer Bron 1A.

1.1.1 Definieer die konsep *industrialisasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Watter rede het Stalin, volgens die bron, vir sy regverdiging van die vinnige industrialisering van Rusland aangevoer? (1 x 2) (2)

1.1.3 Definieer die konsep *kollektivisering* in die konteks van Stalin se Vyfjaarplanne. (1 x 2) (2)

1.1.4 Verduidelik waarom die kollektivisering van boerdery Stalin se gedagtes oor industrialisasie verander het. (2 x 2) (4)

1.1.5 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron aan 'n geskiedenis-student wat Stalin se redes vir die industrialisering van Rusland tydens die Eerste Vyfjaarplan navors. (1 x 2) (2)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Wat, volgens die bron, was die doel van die Tweede Vyfjaarplan in 1933? (1 x 2) (2)

1.2.2 Noem TWEE mislukkings van die Eerste Vyfjaarplan soos in die bron genoem. (2 x 1) (2)

1.2.3 Gebruik van die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die Tweede Vyfjaarplan bygedra het om Rusland 'n industriële supermoondheid te maak. (2 x 2) (4)

1.2.4 Lewer kommentaar op die redes waarom die Sowjet-regering besluit het om hul verdedigingsbedryf te verbeter. (2 x 2) (4)

1.3 Verwys na Bron 1C.

1.3.1 Hoeveel ton staal is in 1940 vervaardig? (1 x 2) (2)

1.3.2 Verduidelik die belangrikheid van die groot toename in tenks en vegvliegtuigproduksie tussen 1937 en 1940. (1 x 2) (2)

1.3.3 Lewer kommentaar oor waarom elektrisiteit produksie tussen 1928 en 1937 van 35,4 tot 128 miljoen kilowatt toegeneem het. (1 x 2) (2)

1.4 Vergelyk Bron 1A en 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1A die bewyse in Bron 1C rakende die suksesse van die Vyfjaarplanne ondersteun. (1 x 2) (2)

1.5 Oorweeg Bron 1D.

1.5.1 Watter gebeurtenis, volgens die bron, het daartoe gelei dat die USSR in 1945 'n supermoondheid geword het? (1 x 1) (1)

1.5.2 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat die Vyfjaarplanne 'n sukses was. (3 x 1) (3)

1.5.3 Verduidelik waarom jy dink Stalin verpligte onderwys tydens die Vyfjaarplanne ingestel het. (2 x 2) (4)

1.5.4 Wat geïmpliseer word deur die stelling: 'Baie van die nuwe rykdom van die land is nooit deur gewone burgers gesien nie. Die meeste daarvan het na die regering gegaan om vir meer industrialisasie te betaal, sowel as vir die weermag'? (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe Stalin se Vyfjaarplanne Rusland tot 'n geïndustrialiseerde staat teen 1939 omskep het. (6)

**[50]**

## VRAAG 2: HET ROOSEVELT SE NUWE BEDELING DIE DOELWITTE VAN VERLIGTING, HERVORMING EN HERSTEL VAN DIE AMERIKAANSE EKONOMIE BEREIK?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Gebruik Bron 2A.

2.1.1 Definieer die konsep *Groot Depressie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.2 Wat, volgens die bron, was die doelwitte van die Nuwe Bedeling? (4 x 1) (4)

2.1.3 Verduidelik waarom dit vir Roosevelt nodig was om die kapitalistiese ekonomiese stelsel in die VSA te hervorm. (2 x 2) (4)

2.1.4 Lewer kommentaar op die stelling: '... die New Bedeling het die Amerikaanse politieke kultuur hervorm rondom die beginsel dat die regering vir die welsyn van sy burgers verantwoordelik is.' (1 x 2) (2)

2.2 Verwys na Bron 2B.

2.2.1 Wat, volgens die bron, was die basis van Roosevelt se teorie oor die herbou van die Amerikaanse ekonomie? (1 x 2) (2)

2.2.2 Lys TWEE maniere hoe Roosevelt van plan was om die mark te herstel. (2 x 1) (2)

2.2.3 Verduidelik waarom Roosevelt se opdrag aan boere om minder te produseer, deur die Amerikaanse publiek gekritiseer was. (1 x 2) (2)

2.2.4 Definieer die konsep *deelboer* in die konteks van die kapitalistiese Amerikaanse ekonomie. (1 x 2) (2)

2.2.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om die impak van die National Recovery Administration op die Amerikaanse ekonomie te verduidelik. (2 x 2) (4)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Wat, volgens die bron, was die doel van die Tennessee Valley Authority? (1 x 2) (2)

2.3.2 Lys TWEE maniere waarop die Tennessee Valley Authority die burgers van Tennessee-vallei bevoordeel het. (2 x 1) (2)

2.3.3 Verduidelik waarom jy dink kapitaliste teen die implementering van die Tennessee Valley Authority gekant was. (2 x 2) (4)

2.3.4 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron aan historici wat die impak van die Tennessee Valley Authority op Amerika navors. (1 x 2) (2)

2.4 Gebruik Bron 2D.

2.4.1 Verduidelik die intensie van hierdie plakkaat met betrekking tot die mense se mening oor die Wet op Maatskaplike Versekering. (2 x 2) (4)

2.4.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die Wet op Maatskaplike Versekering geïmplementeer is. (2 x 2) (4)

2.5 Vergelyk Bron 2A en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2A die bewyse in Bron 2D met betrekking tot die doelwitte van die Nuwe Bedeling ondersteun. (1 x 2) (2)

2.6 Gebruik die inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik of Roosevelt se Nuwe Bedeling doelwitte van verligting, hervorming en herstel van die Amerikaanse ekonomie bereik het. (6)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN PSEUDO-WETENSKAPLIKE RAS-TEORIEË OP NAZI-RASSEBELEIDE IN DIE 1930's EN 1940's?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die wat volg vrae.

3.1 Bestudeer Bron 3A.

3.1.1 Definieer die konsep *rassisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.2 Verduidelik wat met Darwin se evolusie- teorie geïmpliseer word. (2 x 2) (4)

3.1.3 Lys VIER redes uit die bron dat Sosiale Darwinisme vir die afgelope eeu en 'n half gebruik is. (4 x 1) (4)

3.1.4 Lewer kommentaar op waarom Sosiale Darwinisme nie op die menslike ras toegepas kan word nie. (2 x 2) (4)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Wat, volgens die bron, was die gevolg van die implementering van die Wet vir die Voorkoming van Oorerflike Siekte op die Nageslag? (1 x 2) (2)

3.2.2 Definieer die konsep *eugenetika* in die konteks van Sosiale Darwinisme. (1 x 2) (2)

3.2.3 Lys VIER kategorieë van mense wat die Nasionale Sosialiste vir sterilisasie geïdentifiseer het. (4 x 1) **(4)**

3.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe eugenetika die menseregte van nie-Ariërs wat in Duitsland gewoon het, geskend het. (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Waarom, volgens die bron, is lede van Theresia se familie in 1941 na die Gestapo-hoofkwartier gebring? (1 x 2) (2)

3.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die fundamentele regte van babas deur die Duitse eugenetiese program geskend is. (2 x 2) (4)

3.3.3 Lewer kommentaar oor waarom jy dink Theresa haar baba gegryp en gevlug het. (2 x 2) (4)

3.4 Gebruik Bron 3D.

3.4.1 Wat dink jy was die bedoeling van die Nazi's met die publikasie van hierdie foto? (2 x 2) (4)

3.4.2 Verduidelik die beperkings van hierdie foto aan historici wat Nazi-rassebeleide in Duitsland gedurende die 1940's navors. (1 x 2) (2)

3.5 Bestudeer Bron 3C en 3D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3C die bewyse in Bron 3D met betrekking tot die implementering van eugenetika-beleide in Duitsland weerspreek. (1 x 2) (2)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy die impak van die pseudo-wetenskaplike rasseteorieë op die Nazi se rassebeleide in die 1930's en 1940's verduidelik. (6)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

'Lenin se nuwe ekonomiese beleid was 'n kompromis met kapitalisme om die kommunistiese bewind in Rusland te red.'

Stem jy saam met hierdie stelling? Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VERENIGDE STATE, 1900–1940

'Onbeheerde kapitalisme en die gebrek aan regerings-oorsig het direk tot die Groot Depressie gelei.'

Bespreek hierdie stelling krities deur na die hoofoorsake van die Groot Depressie te verwys. **[50]**

### VRAAG 6: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19DE EN 20STE EEU

Verduidelik tot watter mate pseudo-wetenskaplike teorieë gebaseer op Sosiale Darwinisme en eugenetika die lewens van Jode wat in die 1940's in Duitsland gewoon het, beïnvloed het. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2022

# GESKIEDENIS V1
# ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: HOE HET STALIN SE VYFJAARPLANNE RUSLAND TOT 'N GEÏNDUSTRIALISEERDE STAAT TEEN 1939 OMSKEP?

### BRON 1A

Hierdie bron verduidelik die redes waarom Stalin die Eerste Vyfjaarplan in Rusland geïmplementeer het.

Leon Trotsky, Gregory Zinoviev, Lev Kamenev en ander linksgesinde lede van die Politburo was nog altyd ten gunste van die vinnige industrialisering van die Sowjetunie. Stalin was teen hierdie standpunt gekant. Hy het hulle daarvan beskuldig dat hulle teen die idees van Lenin gaan wat verklaar het dat dit uiters belangrik is om 'die alliansie tussen die werkers en die kleinboere te bewaar'. Toe linkse lede van die Politburo die bou van 'n hidro-elektriese kragstasie op die Dnieper-rivier bepleit (ondersteun) het, het Stalin hulle daarvan beskuldig dat hulle 'super-industrialiseerders' is en gesê dat dit gelykstaande is aan die voorstel dat 'n kleinboer "n grammofoon in plaas van 'n koei koop'.

Toe Stalin die behoefte aan kollektivisering aanvaar het, moes hy ook van plan oor industrialisasie verander. Sy raadgewers het vir hom gesê dat die Sowjetunie met die modernisering van boerdery 250 000 trekkers sou benodig. In 1927 het hulle net 7 000 gehad. Sowel as trekkers was daar ook 'n behoefte om die olievelde te ontwikkel om die nodige petrol te verskaf om die masjiene aan te dryf. Kragstasies moes ook gebou word om plase van elektrisiteit te voorsien.

Stalin het egter skielik beleid verander en dit duidelik gemaak dat hy sy beheer oor die land sal gebruik om die ekonomie te moderniseer. Die eerste Vyfjaarplan wat in 1928 ingestel is, het gekonsentreer op die ontwikkeling van yster en staal, masjiengereedskap, elektriese krag en vervoer. Stalin het die werkers hoë teikens gestel. Hy het 'n toename van 111% in steenkoolproduksie, 200% toename in die produksie van yster en 335% toename in elektriese krag geëis. Hy het hierdie eise geregverdig deur te beweer dat indien vinnige industrialisasie nie sou plaasvind nie, die Sowjetunie homself nie sou kon verdedig teen 'n inval uit kapitalistiese lande in die Weste nie.

[Uit https://spartacus-educational.com/RUSfive.htm. Toegang op 6 Mei 2021 verkry.]

Kopiereg voorbehou

## BRON 1B

Hierdie bron verduidelik hoe Stalin die landbou-, industriële en militêre sektore in Rusland tydens die Tweede Vyfjaarplan verbeter het.

Die Tweede Vyfjaarplan (1933–37) het die primêre klem op die swaar industrie voortgesit. Teen 1932 het Stalin besef dat beide die ekonomie en die samelewing ernstig oorbenut was. Alhoewel nywerhede nie sy produksieteikens kon bereik en landbou agteruitgang in vergelyking met 1928-opbrengste getoon het, het Stalin verklaar dat die Eerste Vyfjaarplan sy doelwitte in vier jaar suksesvol bereik het. Daarna het hy meer realistiese doelwitte gestel.

Onder die Tweede Vyfjaarplan (1933–37) het die staat aandag aan verbruikersgoedere geskenk, en die fabrieke wat tydens die eerste plan gebou is, het gehelp om industriële uitsette in die algemeen te verhoog. Teen die laat 1930's het gekollektifiseerde plase egter ietwat beter presteer. In 1935 het 'n nuwe wet individuele kleinboere toegelaat om private erwe te hê, waarvan hulle op die opemark kon verkoop. Volgens amptelike statistieke het die bruto landbouproduksie tydens die Tweede Vyfjaarplan met net minder as 54 persent toegeneem. In teenstelling hiermee het bruto industriële produksie meer as verdubbel.

In die middel-1930's, in reaksie op dreigende militêre gevaar van fascistiese lande, was die Sentrale Komitee van die Party en die Sowjet-regering gedwing om die voorheen beplande oriëntasie en werksnelheid van die verdedigingsbedryf te hersien, en om 'n oorgang van die saamgestelde stelsel van die bou van 'n gereelde Rooi Leër te bewerkstellig. Terselfdertyd is die struktuur van die verdedigingsbedryf verbeter. In Januarie 1938, op die aanbeveling van die *People's Commissariat of the Defense Industry*, was *People's Commissariat*-takke geskep vir lugvaart, die skeepsboubedryf, ammunisie en wapens. Die verdedigingsondernemings is deur tegniese kaders versterk. In een jaar alleen, 1938, is vyfduisend jong ingenieurs aan hulle toegewys.

[Uit https://www.globalsecurity.org/military/world/russia/industry-stalin-2fyp.htm. Toegang op 6 Mei 2021 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

## BRON 1C

Die tabel hieronder beskryf die produksiesyfers tydens die Vyfjaarplanne.

| | 1928 | 1937 | 1940 |
|---|---|---|---|
| | | | |
| **Gietyster** ***miljoen ton*** | 3,3 | 14,5 | 14,9 |
| | | | |
| **Staal** ***miljoen ton*** | 4 | 17,7 | 18,3 |
| | | | |
| **Steenkool** ***miljoen ton*** | 35,4 | 128 | 165,9 |
| | | | |
| **Olie** ***miljoen ton*** | 11,7 | 28,5 | 31,1 |
| | | | |
| **Elektrisiteit** ***miljoen kilowatts*** | 5,1 | 36,2 | 48,3 |
| | | | |
| **Motorvoertuie** ***(000s=duisende)*** | 0,8 | 200 | 245,4 |
| | | | |
| **Tenke (000s)** ***(000s=duisende)*** | 0,2 | 1,5 | 2,8 |
| | | | |
| **Vegvliegtuie (000s)** ***(000s=duisende)*** | 0,2 | 3,4 | 8,2 |

Kopiereg voorbehou 

## BRON 1D

Die onderstaande bron omskryf die impak van Stalin se Vyfjaarplanne op Rusland.

Teen 1939 was Russiese industriële produksievlakke baie hoër as wat hulle in 1928 was. Die Sowjetunie kon ŉ groot rol speel in die nederlaag van Duitsland tydens die Tweede Wêreldoorlog en het as ŉ supermoondheid na vore gekom, wat slegs tweede na die VSA geplaas was.

Gesentraliseerde besluitneming onder die Vyfjaarplanne was nie altyd die doeltreffendste manier om ŉ ekonomie te bestuur nie. Spesifieke suksesse was egter die verbeterde voorsiening van elektrisiteit en die groter aantal masjiene wat gebou is. Byna alle swaar nywerhede het aansienlike toenames in produksie geniet. Daar was baie grootskaalse industriële en bou ontwikkelings, soos die Dnieperdam, die Moskou-metro en die staalwerke by Magnitogorsk, Gorky en Kutznetsk.

Die lewe vir baie gewone Russe het ná 1917 verbeter. Hulle het stadsbehuisingskemas, universele gesondheidsorg, pensioene en siektevoordele gehad. Vanaf 1934 was dit verpligtend vir kinders om elf jaar van onderwys te ontvang. Ongeletterdheid het van ongeveer 50% in 1924 tot 19% in 1939 gedaal. Die USSR was ook grootliks vry van die werkloosheid wat in die 1930's in ander lande ondervind was.

Baie van die nuwe rykdom van die land is nooit deur gewone burgers gesien nie. Die meeste daarvan het na die regering gegaan om te betaal vir meer industrialisasie, sowel as vir militêre en polisiëringskoste en die burokrasie wat beheer oor die ekonomie gehou het. Daar was min in die pad van luukse verbruikersgoedere en soms was daar ŉ tekort aan noodsaaklikhede.

[Uit https://www.nationalarchives.gov.uk/education/leaders-and-controversies/g4/cs3/. Toegang op 7 Mei 2021 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 2: HET ROOSEVELT SE NUWE BEDELING DIE DOELWITTE VAN VERLIGTING, HERVORMING EN HERSTEL VAN DIE AMERIKAANSE EKONOMIE BEREIK?

**BRON 2A**

Hierdie bron verduidelik die doelwitte van die Nuwe Bedeling in Amerika in die 1930's

Die term Nuwe Bedeling het ontstaan uit Franklin Roosevelt se toespraak in 1932 wat die Demokratiese Party se benoeming vir president aanvaar het. Tydens die konvensie het Roosevelt verklaar: "Ek belowe jou, ek belowe myself, 'n nuwe bedeling vir die Amerikaanse mense." Alhoewel Roosevelt op daardie stadium nie konkrete beleidsvoorstelle in gedagte gehad het nie, het die frase 'Nuwe Bedeling' baie van sy programme ingesluit wat ontwerp was om die Verenigde State uit die Groot Depressie te lei.

Die Nuwe Bedeling het 'n wye verskeidenheid federale regeringsprogramme geskep wat probeer het om ekonomiese verligting aan die lyding te bied, private bedryf te reguleer en die ekonomie te laat groei. Die Nuwe Bedeling word dikwels opgesom deur die "Drie Rs": (Relief verligting) vir werkloses, (Recovery – herstel) van die ekonomie deur federale besteding en werkskepping), en (Reform – hervorming) van kapitalisme, (deur middel van regulatoriese wetgewing en die skepping van nuwe maatskaplike welsynsprogramme).

Roosevelt se Nuwe Bedeling het die grootte en omvang van die federale regering aansienlik uitgebrei, en sodoende die Amerikaanse politieke kultuur fundamenteel hervorm rondom die beginsel dat die regering verantwoordelik is vir die welsyn van sy burgers. Soos een historikus dit gestel het: "Voor die 1930's het nasionale politieke debat dikwels gedraai om die vraag of die federale regering in die ekonomie moet ingryp. Na die Nuwe Bedeling het debat berus oor hoe dit moet ingryp."

[Uit https://www.khanacademy.org/humanities/us-history/rise-to-world-power/great-depression/a/the-new-deal. Toegang op 21 Junie 2021 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

## BRON 2B

Die onderstaande bron beskryf die verskillende wette wat president Roosevelt tydens sy Nuwe Bedeling geïmplementeer het.

Roosevelt se teorie in die herbou van die ekonomie het berus op die idee (denkwyse) van beperkte produksie. Hy wou hê dat boere, arbeiders en sakemanne minder moes begin produseer in die hoop dat vraag en aanbod die mark sal herstel. Daarom het baie van sy wetgewing gedurende die eerste 100 dae op die bekamping van produksie gefokus.

Die *Agricultural Adjustment Act* was byvoorbeeld hoofsaaklik op boere gemik. Om produksie te besnoei, het die wet boere betaal om minder grond te bewerk. Roosevelt het ook op die nywerheidsektor gefokus. Die *National Industrial Recovery Act* was die middelpunt van Roosevelt se Nuwe Bedeling-wetgewing. Weereens het hierdie wet probeer om die oorproduksie van goedere te voorkom.

Roosevelt, onder die *National Industrial Recovery Act*, het die *National Recovery Administration (NRA*) geskep, wat 'n toename in arbeidslone en 'n afname in ure wat gedurende 'n week gewerk moet word, aangemoedig het. Die oplossing het vir 'n kort tydperk gewerk, maar 'n afname in die ekonomie en die onwilligheid van werkgewers om belangrike Nasionale-Herstel-Administrasie-kodes te verorden (om te gebruik) het die program benadeel.

Die *Agricultural Adjustment Act* en die *National Recovery Administration*, wat ingevolge die *National Industrial Recovery Act* gebore is, was na verwagting twee belangrike programme wat moes help om die Amerikaanse ekonomie te help. Inplaas daarvan het albei programme gesukkel. Die *Agricultural Adjustment Act* kon nie verantwoording doen vir die deelboere nie; deelboere was individue wat betaal was om op 'n boer se plaas te werk. Aangesien die wet minder boerdery aangemoedig het, het deelboere werkloos geword.

[Uit https://study.com/academy/lesson/franklin-d-roosevelt-and-the-first-new-deal-the-first-100-days.html. Toegang op 11 April 2020 verkry.]

**BRON 2C**

Hierdie bron verduidelik die Tennessee Valley Authority.

Roosevelt het ook die Tennessee Valley Authority (TVA) geskep, met die doel om werkloosheid in die Tennessee-riviervallei te moderniseer en te verminder, een van die armste en hardste-getrefde streke in die land. Die agentskap het plaaslike werkers gehuur om 'n reeks damme en hidro-elektriese kragsentrales op te rig, wat goedkoop elektrisiteit aan duisende mense gebring het. Die openbare korporasie het ook bekostigbare werknemers behuising geskep, goedkoop kunsmis vervaardig en duisende hektaar vir boerdery gedreineer.

Roosevelt het ook die Tennessee Valley Authority (TVA) geskep, en hul doelwit was om te moderniseer en werkloosheid in Tennessee River-valleistreek te verminder, een van die armste en mees geaffekteerde streke in die land. Die agentskap het plaaslike werkers gehuur om 'n reeks damme en hidro-elektriese kragsentrales te bou, wat goedkoop elektrisiteit na duisende mense gebring het. Die publieke korporasie het ook bekostigbare werkersbehuising geskep, vervaardig goedkoop bemestingstowwe en het duisende akkers vir boerdery gedreineer.

Die TVA, soos die AAA, was hoogs kontroversieel. Baie konserwatiewes het beweer dat die regering se produksie van elektrisiteit 'n ligte vorm van sosialisme was en dat dit markpryse te veel ontwrig het. Mededingende elektriese maatskappye het ook die TVA gekritiseer vir die verkoop van goedkoper elektrisiteit en die verlaging van hul winste. Tog het die TVA so 'n diepgaande impak op die ekonomie en lewensgehalte in die Tennessee River-valleistreek gehad dat die federale regering soortgelyke projekte regoor die Weste en Suide geïnisieer het. Binne 'n dekade is baie groot Amerikaanse riviere opgestel om hidro-elektriese krag te produseer wat elektrisiteit en werk verskaf het.

[Uit https://www.sparknotes.com/history/american/depression/section5/page/2. Toegang op 12 Junie 2019 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 2D**

Hierdie plakkaat beeld die Wet op Maatskaplike Sekerheid van 1935 uit.




[Uit https://apps.irs.gov/app/understandingTaxes/student/whys_thm02_les04.jsp. Toegang op 10 September 2021 verkry.]

**MEER SEKURITEIT VIR DIE AMERIKAANSE FAMILIE**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN PSEUDO-WETENSKAPLIKE RASTEORIEË OP NAZI-RASSEBELEIDE IN DIE 1930's EN 1940's?

### BRON 3A

Hierdie bron beklemtoon die oorsprong van Sosiale Darwinisme.

Sosiale Darwinisme is 'n los stel ideologieë wat in die laat 1800's ontstaan het waarin Charles Darwin se evolusieteorie deur natuurlike seleksie gebruik is om sekere politieke, sosiale of ekonomiese sienings te regverdig. Sosiale Darwiniste glo in "oorlewing van die sterkste" – die idee dat sekere mense magtig word in die samelewing omdat hulle aangebore beter is.

Sosiale Darwinisme was gebruik om imperialisme, rassisme, eugenetika en sosiale ongelykheid op verskeie tye oor die afgelope eeu en 'n half te regverdig. Volgens Darwin se evolusieteorie sal slegs die plante en diere wat die beste by hul omgewing aangepas, oorleef om voort te plant en hul gene na die volgende generasie oor te dra. Diere en plante wat swak aangepas by vir hul omgewing, sal nie oorleef om voort te plant nie. Charles Darwin het sy idees oor natuurlike seleksie en die evolusieteorie in sy invloedryke 1859-boek, *The Origin of Species* gepubliseer.

Darwin se evolusieteorie deur natuurlike seleksie was 'n wetenskaplike teorie wat daarop gefokus was om sy waarnemings oor biologiese diversiteit te verduidelik en waarom verskillende spesies plante en diere anders lyk. Tog in 'n poging om sy wetenskaplike idees aan die Britse publiek oor te dra, het Darwin gewilde konsepte geleen, insluitend 'oorlewing van die sterkste,' van sosioloog Herbert Spencer en 'stryd om te bestaan' van ekonoom Thomas Malthus, wat vroeër geskryf het oor hoe menslike samelewings met verloop van tyd ontwikkel.

[Uit https://www.history.com/topics/early-20th-century-us/social-darwinism. Toegang op 12 Mei 2021 verkry.]

**BRON 3B**

Hierdie uittreksel verduidelik hoe eugenetika-beleide in Duitsland geïmplementeer was.

Op Julie 14, 1933, het die Nasionaal-Sosialiste die Wet vir die Voorkoming van Oorerflike Siek Nageslag ingestel. Gevolglik is honderdduisende mense met geweld gesteriliseer. Ander is vermoor. Teen die somer van 1933 het die Nazi's Duitsland stewig in hulle greep gehad. Met hierdie nuutgevonde mag het die verregse party besluit om die Duitse samelewing na ʼn beeld van hul eie te vorm.

Die wet het bepaal dat mense wat aan spesifieke siektes ly, met geweld gesteriliseer kan word om die verspreiding van oorerflike siektes te voorkom. Volgelinge van die eugenetikabeweging het geglo dat die Duitse bevolking geneties 'verbeter' kan word en die wet verwelkom. Vir die slagoffers van gedwonge sterilisasie het hierdie gewelddadige fisiese indringing (versteuring) ʼn lewe sonder die moontlikheid om kinders te hê, beteken. Baie was erg getraumatiseerd en hul hele lewe gely.

Die Nasionaal-Sosialiste het gehoop om die droom van 'meesterras' te bewaarheid waarin 'siek' en 'swak' mense geen plek gehad het nie. Die nuwe wet het die tipes "siekte" gelys wat die sterilisasie van draers geregverdig het. Hierdie lys het aangebore geestesgebrek, skisofrenie, epilepsie, oorerflike doofheid en blindheid ingesluit, asook mense met 'enige ernstige oorerflike misvorming' en alkoholiste. "'n Mens kan nie sê dat dit die 'bose' Nazi's alleen was nie," het Christiane Rothmaler gesê, ʼn dokter en historikus wat baie jare lank die geskiedenis van gedwonge sterilisasie ondersoek het. Sy weet dat die kwessie van eugenetika reeds in die 19de eeu bespreek was.

[Uit:https://www.dw.com/en/remembering-the-victims-of-nazi-eugenics/a-16945569 Toegang op 12 Mei 2021 verkry.]

**BRON 3C**

Hierdie bron verduidelik die gevolge van Duitsland se sterilisasiebeleid op nie-Ariërs in Duitsland in die 1940's.

Rita Reinhardt Seibel is die dogter van Gabriel en Theresia Reinhardt. Sy en haar suster, Rolanda, is op 3 Maart 1943 in Wuerzburg gebore, waar haar ouers albei in die Stadt-teater gewerk het. In 1941 is verskeie lede van Theresia se familie na die Gestapo se hoofkwartier gebring waar hulle gedwing was om sterilisasie magtigingsvorms te onderteken. Hulle is met deportasie gedreig as hulle geweier het. Voordat Theresia se sterilisasie geskeduleer was, het sy 'n bewuste besluit geneem met haar kêrel, Gabriel, om swanger te raak.

Teen die tyd toe sy vir die prosedure ingeroep is, was sy drie maande swanger met 'n tweeling. Toe dit deur die rasse-praktiseerdes ontdek is, is sy en haar gesin aangehou en is na Berlyn gestuur om te bepaal wat gedoen moet word. Die reaksie was dat Theresia toegelaat moet word om die swangerskap voort te sit op voorwaarde dat die babas met hul geboorte na die kliniek by die Universiteit van Wuerzburg oorgegee sou word. Daar het dr. Werner Heyde, professor in neurologie en psigiatrie, en 'n sleutellid van die Nazi-genadedood program, navorsing oor tweelinge gedoen. Die tweeling is gebore in die teenwoordigheid van dr. Heyde by die Universiteit van Wuerzburg. Hulle was toegelaat om kort verblyf by die huis saam met hul ouers te hou, maar was oor die algemeen beperk tot die kliniek.

... Theresia en Gabriël het kennisgewings ontvang om vir deportasie aan te meld. Die babas is nie ingesluit nie, en Theresia het dadelik na die kliniek gegaan om hulle te sien. Toe sy daar aankom, is daar vir haar gesê sy kan hulle nie sien nie, maar Theresia het haar pad ingestoot. Sy het Rolanda dood in 'n saal met 'n verband om haar kop gevind, die slagoffer van eksperimente met oogkleur. Histeries met hierdie ontdekking, het Theresia die oorlewende tweeling, Rita, gegryp en gevlug.

[Uit http://www.prezi.com Toegang op 27 September 2021 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 3D**

Hierdie bron beeld uit Gabriel en Theresia Reinhardt, 'n Sinti-egpaar,wat hul tweeling-kinders, Rolanda en Rita in 'n stootwaentjie, langs die Domstrasse in Wuerzburg onder Nazi-begeleiding tydens 'n propaganda-fotosessie in April 1943 stoot.



[Uit https://collections.ushmm.org/search/catalog/pa1151175. Toegang op 27 September 2021 verkry.]

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

https://spartacus-educational.com/RUSfive.htm

https://www.globalsecurity.org/military/world/russia/industry-stalin-2fyp.htm

https://www.nationalarchives.gov.uk/education/leaders-and-controversies/g4/cs3/

https://www.khanacademy.org/humanities/us-history/rise-to-world-power/great-depression/a/the-new-deal

https://study.com/academy/lesson/franklin-d-roosevelt-and-the-first-new-deal-the-first-100-days.html.

https://www.sparknotes.com/history/american/depression/section5/page/2.

https://apps.irs.gov/app/understandingTaxes/student/whys_thm02_les04.jsp.

https://www.history.com/topics/early-20th-century-us/social-darwinism

https://www.dw.com/en/remembering-the-victims-of-nazi-eugenics/a-16945569

http://www.prezi.com.

https://collections.ushmm.org/search/catalog/pa1151175

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2022

# GESKIEDENIS V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 23 bladsye.

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | **30% (15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **40% (20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | **30% (15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik ŉ regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien ŉ vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

**Paragraafvraag**
Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

__________ . ____________________ . ______________
_____________ . ____________________ . __________
√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. (32/50)
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir *enige ander relevante antwoord.*

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ŉ geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ŉ argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om ŉ beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ŉ argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en ŉ relevante slotopmerking (aangedui met ŉ kolpunt in die nasienriglyn) bv. ŉ antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| P | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ŉ duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| E | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| E | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevant voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| L | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.4 Die volgende simbole MOET in die assessering van opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ___________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- Argument LOA↕

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

